# SA STAMBOEK VERSLAG 2017/18

Michiel Burger

Dit is vir my 'n voorreg om verslag te doen rakende die werksaamhede van SA Stamboek.

Dit was ook die einde van die era van Dr Pierre van Rooyen as direkteur van Stamboek Na aanleiding van die hofsaak met LNR, het hy sy aftrede uitgestel om te kon uithelp daarna, wat hy soos altyd, met onderskeiding gedoen het. Dit is onmoontlik om sy bydrae tot die stoetbedryf in woorde om te sit. Ons wens is dat hy en sy gesin die rustyd sal geniet en dat sy boerdery voorspoedig sal wees.

Baie welkom en sterkte aan Dr Japie v d Westhuizen wat aangestel is as die nuwe bestuurder van Stamboek. Hy is goed bekend met die bedryf en word wêreldwyd gerespekteer as veekundige.

Gedurende die afgelope jaar is die swaard van 'n uitgerekte hofsaak en die gepaardgaande kostes afgeweer met 'n skikking wat bereik is met die LNR. Hiervolgens moet Stamboek die data aan die LNR beskikbaar stel, asook 'n bedrag van R1,5 miljoen aan hulle oorbetaal. Die hele sage het Stamboek se finansies onder druk geplaas, maar gelukkig is dit nou afgehandel en kan Stamboek voortgaan om sy dienste te lewer.

Stamboek se finansies onder druk a.g.v. bogenoemde regskostes. Uit die state blyk dit duidelik dat dit goed gaan met die kernbesigheid en lyk die toekoms beter. Die regskostes en oorbetaling aan die LNR behoort volgende jaar afgehandel te wees. Na aanleiding van die huidige finansiële egter, het daar het 'n versoek van die lede op die begrotings vergadering gekom dat die lede van Stamboek versoek word elk 'n eenmalige bedrag van R500 te betaal om die R1.5 miljoen so spoedig moontlik af te betaal. Ek hoop ons genootskap kan soos ander genootskappe, ook 'n genootskaps-poging hiervan maak.

Gedurende die jaar, het Stamboek het verskeie nuwe produkte ontwikkel om die dienste vinniger en goedkoper te maak. Die elektroniese skouprogram is een faset daarvan. Ander dienste sluit die volgende is: elektroniese vul-aantekening, oordragte kansellasies.
Die doel is om sover moontlik die prosesse papierloos te maak. Dit gaan egter 'n paar aanpassings van ons as telers vra.

Die CEM en paspoort oorlog gaan nog voort en na amper 'n jaar se gesukkel het Stamboek weer op 24 Augustus 'n vergadering met DUFF. Meer inligting sal ten tye van die AJV 2018 beskikbaar wees.

Hierdie jaar het ons ook vir die eerste keer gebruik gemaak van die dienste t.o.v. populasie wat Stamboek bied. Die verslag oor die intelingspersentasie is baie insiggewend en aan alle lede beskikbaat gestel.

Die laai van die korrekte skouuitslae vorder goed. Dit word terugwerkend gedoen vanaf 2017. Die proses word egter bemoeilik deur skou-uitslae wat in die verkeerde formaat stuur aan die kantoor gestuur word.

Die opsit van die keurings puntekaarte is ook aan die gang. Daar moet geskaaf word aan die inligting en formaat daarvan wat tot op hede beskikbaar was sodat die maksimum gebruik daarvan verkry kan word. Dit gaan baie interessant wees om in die toekoms al die verslae oor teelwaardes van ons perde te kan gebruik in ons teelprogramme.

Die kort verslag gaan hoofsaaklik oor dit wat ons as perderas direk raak. Dit is egter 'n druppel in die emmer van wat die personeel elke dag doen vir ons as stoetboere. Aan hulle almal ons opregte dank en doen so voort.